Hoërskool Tygerberg High School

Taalbeleid

Deur die SBL goedgekeur op: 5 Februarie 2020

1. Inleiding

Hierdie dokument is die taalbeleid van die Hoërskool Tygerberg wat op 5 Februarie 2020 deur die skoolbeheerliggaam goedgekeur is. Die taalbeleid is opgestel in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 (‘die Skolewet’); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die “African Charter on the Rights and Welfare of Children”; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

2. Faktore in ag geneem

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Die belange van die leerders
- Die belange van die skoolgemeenskap
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is
- Die vermoë van die skool
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig

3. Onderrig en eksaminering

Alle onderrig en die aflê van toetse en eksamens geskied in die tale van onderrig, Afrikaans en Engels.

4. Beleid oor onderrigtaal

Die skool is ’n parallel- ***EN*** dubbelmediuminstelling.

Die taal van onderrig in graad 8 ***EN*** 9 is Afrikaans ***OF*** Engels. Leerders word in aparte klasse in hulle huistaal, Afrikaans ***OF*** Engels onderrig.

EN

Die taal van onderrig in graad 10 tot 12 is Afrikaans ***EN*** Engels. Informasie word nie in beide tale herhaal nie, maar word in beide tale gelykwaardig in dieselfde klas aangebied.

Alle onderrigmateriaal is beskikbaar in albei onderrigtale, Afrikaans en Engels. Alle assesserings word in beide Afrikaans en Engels opgestel.

Alle korrespondensie met ouers en leerders sal 50% in Afrikaans en 50% in Engels wees.

Alle saal- en ouervergaderings sal 50% in Afrikaans en 50% in Engels wees.

Die keuse van die onderrigtaal moet aangedui word wanneer die leerder aansoek doen om toelating tot die skool.

5. Bevordering van veeltaligheid

Bykomend bevorder die skool veeltaligheid deur Afrikaans Huistaal en Afrikaans Eerste Addisionele Taal asook Engels Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal as volwaardige taalvakke aan te bied. Verder word Duits ook as Tweede Addisionele Taal aangebied.

Elke opvoeder by die skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistale en/of onderrigtale te bevorder.

GETEKEN TE PAROW OP HIERDIE 24STE DAG VAN FEBRUARIE 2020

_____

Beheerliggaamvoorsitter